

Leuens wat Christene dikwels hoor

Only God is capable of telling us what our rights and needs are. You have to surrender that right to Him. –Joni Eareckson Tada

Leuens wat Christene dikwels hoor

In die Christelike geloof en kultuur is daar baie wat ons kan loof. Maar daar is ook sekere leuens wat besig is om ons seer te maak. As ons God se verteenwoordigers in hierdie wêreld wil wees, moet ons van hierdie leuens ontslae raak. Hier is 'n paar van hierdie leuens.

- Sekere sondes is erger as ander

Onmiddellik skep ons twee tipes mense: Dié wat nou nie die erge sondes gedoen het nie en dié wat die ergste sondes gedoen het. Die groep wat net die “ligte” sondes gedoen het, is dan geneig om die ander groep te beoordeel. Die groep wat die “erge” sondes gedoen het, besef dan dat hulle net nie goed genoeg is nie. Natuurlik het sekere sondes ernstiger gevolge: vermoor iemand en jy beland in die tronk; skinder van jou kamermaat en niks gebeur nie. Tog is beide sondes. Ons moet ophou om sondes in 'n sekere rangorde te plaas, want ons is almal sondaars. Elkeen van ons het die kruis van Jesus nodig. Kom ons hanteer mense dienooreenkomstig.

- God is ontevrede as ons twyfel of kwaad word

As ons dit aanvaar, moet ons meeste van die Psalms ignoreer. Die skrywers van die Psalms maak hulle twyfel in geen onsekere terme bekend nie. God is magtig. Hy het ons so lief dat Hy sy Seun gestuur sodat ons kan lewe. Hy kan twyfel en kwaadword hanteer. Hy weet die lewe is moeilik; Hy weet ons is maar beperk. Alle Christene het op een of ander stadium oor God getwyfel. Twyfel is 'n geleentheid om naby God te kom – nie van Hom af weg te hardloop nie.

- God se liefde vir my word deur my gedrag bepaal

Ons dink te veel van onself. Ons dink ons kan ons gedrag beheer en “goed” wees. Maar ons kom nie naby aan God se standaard nie. Ons is God se kinders vir een rede: as gevolg van dit wat Jesus vir ons gedoen het. Dit gaan nie oor ons nie; ons kan nie God se liefde of guns verdien nie.

- Ons moet nooit die boodskap afwater nie

Ons moenie die boodskap verander nie. Dit is die boodskap van Jesus wat lewens verander (1 Korintiërs 15:1 – 3). Ons kan wel die manier waarop ons hierdie boodskap oordra, verander. In die kerk gebruik ons 'n sekere “taal” wat buitestanders nie verstaan nie. Ons moet die evangelie op so 'n manier verkondig dat almal dit kan verstaan. Ons verwag tog nie van 'n kind in die kleuterskool om matriekkonsepte te verstaan nie. Dit beteken nie dat die boodskap afgewater word nie.

- God wil hê dat ek gelukkig moet wees

Geluk is verbygaande. Geluk hang meestal van my huidige omstandighede af. Die goeie nuus is dat God meer in blywende dinge – soos vreugde en vrede – belangstel. Hierdie dinge word nie deur ons omstandighede bepaal nie.

Natuurlik is daar sekerlik ander leuens wat ons soms in die kerk glo, maar hierdie vyf is baie algemeen.